

## **Solidariteit dien die week klagte oor ras by die VN, MRK en parlement in**

Solidariteit gaan in die komende week 'n vroeëwaarskuwingsklag by die Verenigde Nasies se Komitee vir die uitwissing van alle vorme van rassiediskriminasie (CERD) in Genève Switserland indien. Die klag fokus op die moontlike gevolge wat rasseuitsprake en haatspraak teen minderhede kan inhou. Daar word veral gefokus op die gebrekkige optrede van die regering en instellings soos die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK). Die Solidariteit-klag word ingevolge die prosedure wat voorsiening maak vir vroeë waarskuwing en dringende optrede ingedien.

Solidariteit versoek in sy massaklag dat CERD 'n formele ondersoek loods deur inligting van organisasies soos die SAMRK asook die regering aan te vra en om 'n afvaardiging na Suid-Afrika te stuur om die situasie op grondvlak te ondersoek. Indien CERD saamstem oor die substansie van Solidariteit se klag kan die komitee aanbevelings aan die regering maak en/of die saak na die Veiligheidsraad van die VN verwys.

Solidariteit se klag volg op die sukses wat Solidariteit verlede jaar by CERD behaal het met sy klag oor kwotas in die werkplek en in sport. Na aanleiding daarvan het CERD onder meer die staat versoek om verslag te doen oor sy beleid / praktyke en het kritiek uitgespreek oor Suid-Afrika se huidige stelsel wat aan apartheidklassifikasie herinner. Die komitee was ook van mening dat Suid-Afrika se stelsel van kwotas te rigied is.

Afgesien van die indiening van die klag by CERD gaan Solidariteit in die komende week ook klagte oor die selektiewe hantering van rassisme in Suid-Afrika by die parlement, die SAMRK, die Internasionale Menseregtekommissie en die Internasionale Arbeidsorganisasie indien.

Solidariteit gaan ook die Verenigde Nasies se Menseregtekommissie vra om 'n afvaardiging na Suid-Afrika te stuur om Solidariteit se klag te ondersoek. In die klag wat aan die VN se Menseregtekommissie voorgelê word, word ook versoek dat die staat verdere inligting moet verskaf en dat Solidariteit die geleentheid kry om voorleggings aan die VN-kommissie te maak.

“Ons doel daarmee is om weer objektiwiteit oor ras in Suid-Afrika te bewerkstellig. Die subjektiewe hantering van ras het sistemies geraak en die sisteem regverdig dit. Omdat dit sistemies geword het, sal dit goed wees as 'n waghond van buite 'n verandering fasiliteer,” het Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit gesê.

Sowat 405 000 Suid-Afrikaners het 'n petisie onderteken waarin hulle Solidariteit se klag steun.

Die klag spruit voort uit 'n Solidariteit-verslag en -konferensie wat die verskynsel van selektiewe rassisme ondersoek en ontleed het.

Volgens Solidariteit het sy ondersoek duidelik aan die lig gebring dat die voorkoms van rassisme in Suid-Afrika op 'n selektiewe manier hanteer word.

CERD lê veral klem op die belangrikheid daarvan dat die staat moet ingryp as verkose of ander staatsamptenare hulle skuldig maak aan rasseuitsprake en haatspraak. Die doel is veral om minderhede teen opsweping deur die meerderheid te beskerm.

Solidariteit se klag, wat die vorm van 'n massaklag aanneem, fokus veral op uitsprake en/of optrede van mense wat oor vertikale invloed beskik; dit wil sê mense met gesag. Suid-Afrika is baie verdraagsaam teenoor rasse-uitsprake wat deur Suid-Afrikaners in gesagsposisies gemaak word, maar is totaal onverdraagsaam teenoor die rasse-uitsprake wat gewone wit Suid-Afrikaners, wat oor geen gesag beskik nie, maak.

In 'n ontleding oor die verskynsel wys Solidariteit onder meer daarop dat die eiendomsagent Penny Sparrow se uitsprake oor swart Suid-Afrikaners 4 501 mediatrefslae gehad het, terwyl

Julius Malema se uitsprake dat wit Suid-Afrikaners nie nou geslag moet word nie en dat hul vrede versteur moet word, slegs 163 trefslae gehad het.

Solidariteit toon in sy klag aan hoe ook die SAMRK rassisme selektief hanteer. So byvoorbeeld het die SAMRK nog geen hoëprofiel- swart Suid-Afrikaner, soos Julius Malema, Jacob Zuma, Lulu Xingwane of enige ander ondersoek nie, maar gewone wit Suid-Afrikaners soos Penny Sparrow, Chris Hart en Justin van Vuuren is almal uit eie inisiatief deur die MRK ondersoek.

“Ons mag mos nie maak of dit reg is as Jacob Zuma sê alle probleme het begin toe Jan van Riebeeck hier aangekom het en dit gebruik om regverdiging te vind om alle probleme, selfs optogte teen Zuma aan wit mense toe te skryf nie. Ons mag nie stilbly as Julius Malema sê sy doel is om wit mense se vrede te versteur en wit mense moet besef dat hulle net besoekers hier is nie. Dit is xenofobiese taal. Ons mag nie toelaat dat 'n wiskunde-onderwyser, Tlou Molele, sê wit is 'n genetiese fout nie en ons mag nie toelaat dat die talle ander voorbeelde wat in ons klag en verslag vervat word, geïgnoreer word nie.

Een ding wat erger is as die uitsprake is om daarvoor stil te bly en te hoop dat dit, en die gevolge daarvan, gaan verdwyn. Ons mag nie toelaat dat enige groep in Suid-Afrika as ongewens beskou, gekriminaliseer of ontmens word nie. Die tyd het aangebreek dat die internasionale waghonde vroeg reeds gewaarsku word oor die voorkoms en die moontlike gevolge van sulke uitsprake, het Hermann gesê.

Die week se gebeure kan op Solidariteit se Facebook-blad gevolg word.

### **Connie Mulder (Navrae en onderhoude in Suid-Afrika)**

**Hoof: Solidariteit Navorsingsinstituut**

**082 731 8381**

### **Dirk Hermann (Navrae en onderhoude in Genève)**

**Bestuurshoof: Solidariteit**

**082 461 8485**

Solidariteit se stop rassisme-program vir die week van 8 tot 12 Mei:

Maandag 8 Mei om 12:00 by die Suid-Afrikaanse parlement: 'n Petisie gaan by die parlement ingedien word waarin 'n debat oor die dubbele standaarde wat geld by die hantering van rassisme en die moontlike gevolge daarvan, aangevra word.

Dinsdag 9 Mei 12:00 by die SAMRK in Johannesburg: 'n Klag gaan by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie ingedien word. In dié klag word gefokus op die MRK se subjektiewe hantering van die aangeleentheid en 'n ondersoek gaan aangevra word.

Woensdag 10 Mei 12:00 by die kantoor van die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) in Genève: Klagte oor rassekwotas wat geld in die werkplek en in sport gaan dan daar ingedien word. 'n Formele ondersoek en verhoor in dié verband word aangevra.

Donderdag 11 Mei 12:00 by die kantoor van die VN se Menseregtekommissie in Genève: 'n Klag gaan by die Internasionale Menseregtekommissie ingedien word. Daarin word gevra dat

'n afvaardiging van die internasionale liggaam Suid-Afrika besoek, terugvoer van die regering verkry en dat Solidariteit 'n geleentheid kry om die kommissie toe te spreek.

Vrydag 12 Mei 12:00: Indiening van klag by die Verenigde Nasies se Komitee vir die Uitwissing van alle vorme van rassediskriminasie in Genève. Die klag gaan ingevolge die prosedure vir vroeë waarskuwings en dringende optrede ingedien word. Daarin word versoek dat meer inligting vanaf die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissee aangevra word dat 'n ondersoek in Suid-Afrika gedoen word en dat aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse regering gemaak word.